**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2**

**NOVEMBER 2022**

**EKSAMEN**

**GRAAD 8**

**PUNTE : 100**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit *10* bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. **Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.**

2. **Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings :**

   **AFDELING A: LETTERKUNDE (Filmstudie en Gedigte) [50]**

   **AFDELING B: STELWERK [50]**

   **Lang Transaksionele teks (keuse) en Kort Transaksionele teks (verpligtend)**

3. **Jy moet AL die vrae beantwoord.**

4. **Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.**

5. **Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.**

6. **Skryf netjies en leesbaar.**

7. **Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.**

***STERKTE!!!***

## AFDELING A: LETTERKUNDE

## VRAAG 1: FILMSTUDIE - Agent 2000



shutterstock.com · 1279230679



shutterstock.com · 1648352251

1.1 Wat is die skool se naam? (1)

1.2 Wat is die hoofkarakter se werk? (1)

1.3 Waarom is dit so belangrik om die Laksman voor die groentjiekonsert te vang? (1)

1.4 Wat doen die Laksman met die graad 8 leerlinge? (1)

1.5 Pas die beskrywings in KOLOM B by die name in KOLOM A. Skryf net die nommer (1.5.1 – 1.5.4) en die letter (A-E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.5.1 Walter | A. is die likkewaan. |
| 1.5.2 Spiky | B. is in die moeilikheid by sy pa. |
| 1.5.3 Chanté-Amoré | C. is ook die hoofseun. |
| 1.5.4 Die Laksman | D. is die skoolhoof. |
| | E. is verlief op Walter. |

(4)

[8]

## VRAAG 2: As Lara glimlag (Jaco Jacobs)






As Lara glimlag

1 As Lara glimlag
2 word my skooltas onverwags lig,
3 wiskunde eensklaps maklik
4 en verstaan ek daai Shakespeare-gedig.



5 As Lara glimlag
6 Verdwyn die grys ou skoolgebou.
7 Haar glimlag kan jou selfs
8 van Maandae laat hou.
9 As Lara glimlag
10 kry my rugbytoks vlerke,
11 kan selfs verloor oukei voel.



12 Ek wens net Lara se glimlag
13 was spesiaal vir mý bedoel.

<u>VRAE</u>:

2.1 Kies die korrekte woord en skryf dit neer.

Lara is 'n baie (onvriendelike/vriendelike) meisie. (1)

2.2 Pas die woorde in KOLOM B by die stellings in KOLOM A. Skryf die nommer (2.2.1 – 2.2.4) en die letter (A-E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.2.1 Die spreker se tas | A. moeilik |
| 2.2.2 Een skoolvak waarmee die spreker sukkel | B. mooier |
| 2.2.3 Shakespeare-gedigte is gewoonlik … | C. Wetenskap |
| 2.2.4 Die "ou grys skoolgebou" lyk nou … | D. Wiskunde |
| | E. was eers baie swaar. |

(4)

**2.3 Wat is die rede waarom die spreker nou selfs van Maandae hou?** **(1)**

**2.4 a) Aan watter sport het die seun deelgeneem?** **(1)**

**b) Haal een woord aan wat dit bewys.** **(1)**

**c) Haal een versreël aan wat bewys dat sy span nie altyd goed doen nie.** **(1)**

**2.5 Die laaste strofe bestaan uit 2 versreëls.**

**Wat noem ons hierdie tipe strofe?** **(1)**

**2.6 Verduidelik waarom die spreker aan die einde teleurgesteld was.** **(1)**

**2.7 Haal een woord in die laaste strofe aan wat bewys dat die spreker besef het die meisie het nie gedink hy is so spesiaal nie.** **(1)**

**2.8 Waarom word die woorde "As Lara glimlag" so baie herhaal?** **(1)**

**2.9 Haal 'n voorbeeld van assonansie uit die gedig aan.** **(1)**

**[14]**

**VRAAG 3: spoke (Antjie Krog)**

spoke (Antjie Krog) (Uit: Mankepank en ander verse, Tafelberg 2011)

om twaalfuur is dit middernag
om middernag is dit spoketyd



'n spook kom deur 'n sleutelgat
of kan soos 'n biltong tussen klere hang
of soos 'n kriek vloerlangs sluip
of soos 'n slim kakkerlak agter die waterpype plak

hy kan sweef teen muur of dak
oor dorings slagysters of 'n sandwoestyn
net soos hy wil kan hy verskyn of
verdwyn of skielik jakkalstjank van pyn

'n spook moet jy nooit groet nie
soos vuur skroei hy jou hand
vir altyd het jy dan 'n vlek
wat met geraamtevingers brand

om twaalfuur is dit middernag
om twaalfuur is dit spoketyd
'n spook kom deur 'n sleutelgat
of kan geruisloos onder jou bed kom lê
lakenplat



3.1 Haal een woord aan wat vir ons sê wat om middernag gebeur. (1)

3.2 Die volgende stelling is ONWAAR. Haal 'n versreël as antwoord aan om dit te bewys.

Volgens die gedig, loop spoke deur deure. (1)

3.3 Noem twee insekte waarmee spoke vergelyk word. (2)

3.4 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die nommer (3.4) en die letter (A-D) neer.

Die spreker dink 'n kakkerlak is ___.

A. intelligent
B. pateties
C. onnosel
D. vuil (1)

3.5 Haal een versreël aan wat bewys dat die spook nie seerkry nie. (1)

3.6 Haal twee teenoorgestelde woorde in strofe 3 aan. Skryf net die twee woorde neer. (1)

3.7.1 Hoe moet jy nooit 'n spook groet nie? (1)

3.7.2 Hoe sal almal weet jy het só gegroet? (1)

3.8 Haal 'n vergelyking in strofe 4 aan. (1)

3.9 Hoekom word versreël 1,2 en 3 later in die gedig herhaal? (1)

3.10 Haal een woord uit die gedig aan wat bewys dat die spook doodstil is wanneer hy iets doen. (1)

3.11.1 Watter tipe rymskema kry ons in hierdie gedig? (1)

3.11.2 Hoekom word hierdie spesifieke rymskema gebruik? (1)

[14]



## VRAAG 4: Beste vriende (Jaco Jacobs)

*Beste vriende* (Jaco Jacobs)

*Jy het bloedrooi hare,*
*jy's so lank soos 'n telefoonpaal.*
*Ek is kort en dra 'n bril,*
*en my hare is vaal.*



*Jy hou van hardloop;*
*ek hou van swem.*
*Ek praat nogal sag*
*En jy't 'n harde stem.*

*Jy skryf met jou regterhand;*
*ek skryf met my linker.*
*My kamer is netjieser as joune,*
*en my skoolskoene is blinker.*



*Jy is goed met wiskunde;*
*ek weer met musiek.*
*Ek hou van lees*
*en jy is dol oor fliek.*

*Jou gunstelingkos*
*is sosaties wat gebraai is;*
*terwyl ek mal oor pasta*
*of aartappelslaai is.*





*Ek staan soggens vroeg op;*
*jy slaap graag laat.*
*Jy is geduldig;*
*ek word gou kwaad.*

*Jy hou van bordspeletjies;*
*ek dink dis die toppunt van verveling.*
*Maar as dit nie vir hierdie dinge was nie,*
*Was ons sowaar 'n tweeling.*






**4.1** Wie word met mekaar vergelyk in hierdie gedig? **(1)**

**4.2** Noem twee fisiese eienskappe van die maat wat haar laat uitstaan tussen ander. **(2)**

**4.3** Haal 'n vergelyking uit strofe 1 aan. **(1)**

**4.4** Noem die twee sportsoorte wat in die gedig genoem word. **(2)**

**4.5** Skryf die woord "jy't" uit in standaard Afrikaans. **(1)**

**4.6 Kies woorde uit die woordblok om die paragraaf korrek te voltooi. Skryf net die nommer en die antwoord neer.**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| twee | tersine | vier | ekstrovert | koeplet |
| kwatryn | introvert | grootmond | muis | |

**Elke strofe bestaan uit (4.6.1)___ versreëls. Só strofe word 'n (4.6.2)___ genoem. Die spreker is stil en dus 'n (4.6.3)___ waar haar maat hard praat en dus 'n (4.6.4)___ is. (4)**

**4.7 Haal een versreël aan wat vir ons sê die maat is goed met somme maak. (1)**

**4.8 Stem jy saam dat die spreker 'n kort humeur het? JA/NEE?**

**Bewys dit deur 'n versreël aan te haal. (1)**

**4.9 Hoekom is hierdie twee sulke goeie maats al verskil hulle so baie? (1)**

**[14]**

**TOTAAL AFDELING A: 50 PUNTE**



## AFDELING B: STELWERK

**VRAAG 1: LANG TRANSAKSIONELE TEKS**

**LET WEL:** Jy het 'n keuse (choice) tussen twee vrae.

**INSTRUKSIES:**

- Kies EEN van die twee skryfstukke.
- Jou skryfstuk moet 120 – 150 woorde lank wees.
- Jy moet dit IN POTLOOD beplan, 'n eerste poging en dan IN PEN, 'n finale poging skryf.
- Skryf jou aantal woorde onderaan neer.

### 1.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF



Jy moet 'n brief aan jou maat oor jou nuwe hoërskool skryf. Het jy die regte keuse van hoërskool gemaak? Vertel van jou nuwe vriende, onderwysers, senior leerlinge en die sport en/of kulturele aktiwiteite waaraan julle moet deelneem.

[30]

OF

### 1.2 OPSTEL



Skryf 'n kort opstel van 120 tot 150 woorde oor jou droomvakansie. Jy moet 'n inleidingsparagraaf, liggaam en slotparagraaf hê.

**Onthou om jou opstel te beplan, 'n eerste poging en dan 'n finale poging te skryf. Probeer om van die nuwe woordeskat wat jy geleer het, te gebruik.** **[30]**

**TOTAAL VRAAG 1: 30 PUNTE**

## VRAAG 2: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

**DAGBOEKINSKRYWING**

**LET WEL: Hierdie vraag is verpligtend (compulsory) om te doen.**

**INSTRUKSIES:**

**Jy moet TWEE dagboekinskrywings doen oor die onderstaande onderwerp. Jy mag net 80 – 100 woorde gebruik.**

- **In potlood, doen 'n BEPLANNING (spinnekopdiagram).**
- **In potlood, skryf 'n EERSTE POGING.**
- **In pen, skryf jou FINALE POGING neer.**
- **Skryf hoeveel woorde jy gebruik het.**




**Jy gaan jou beste maat (wat na 'n ander skool toe gegaan het), in die Maart vakansie sien.**

- **Skryf nou in jou dagboek die dag VOOR jy jou maat sien – hoe jy gevoel het en wat jy alles gedoen het.**
- **Skryf nou in jou dagboek die dag NADAT jy jou maat gesien het. Hoe het julle gevoel en wat het julle alles gedoen?**

**[20]**

**TOTAAL VRAAG 2: 20 PUNTE**

**TOTAAL AFDELING B: 50 PUNTE**

**SOMTOTAAL: 100 PUNTE**